



My dankoffer

...want God het 'n blymoedige gewer lief ...

2 Kor. 9:7

My dankoffer

“... WANT GOD HET ‘N BLYMOEDIGE GEWER LIEF”

2 Kor. 9:7: *Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.*

Hiermee dan net ‘n beskeie poging om die prinsipe van dankoffers (kerklike bydraes) uiteen te sit. Mag dit ons elkeen tot nadenke bring en nie ons hande nie, maar ons harte raak.

DANKOFFERS

Die Kerk is die eiendom van die Here. Die Here was nog altyd met sy Kerk besig. Die Here noem selfs die Kerk sy huis (Psalm 122:1). In die Vaderhuis roep die Here sy kinders deur sy Woord en Gees byeen. Hy wil ook sy kinders versorg met alles wat hulle nodig het terwyl Hy sy kinders lei na hulle ewige bestemming. Die Here het sy huis, die Kerk, hulle wat sy volk is, vir Homself uitgekoop. Hulle wat aan die Here behoort het die Here met die bloed van sy eie Seun, Jesus Christus betaal.

Die Here het deur al die eeue nie net geestelik met sy kinders gewerk nie, maar ook stoflik. Aan Israel op hulle pad deur die woestyn het die Here nie net geestelike toerusting in sy Wet en priesterdiens gegee nie, maar juis ook in al hulle stoflike behoeftes voorsien – in die wolk, en vuurkolom, die manna, kwartels, water uit die rots, en dat hulle klere en skoene nie geslyt het nie. Sonder hierdie stoflike versorging sou Israel nooit in Kanaän kon kom nie. Die stoflike is noodsaaklik met die oog op die geestelike, en die stoflike vloei ook uit die geestelike voort.

Die Here Self het in sy ewige Woord beginsels en vereistes neergelê waarvolgens Hy sy Kerk stoflik wil toerus met die oog op die geestelike bediening. Daarin lê die Here se liefde. 2 Kor. 9:7 – **God het ‘n blymoedige gewer lief!**

BEGINSELS

1. Ons met alles wat ons besit, behoort aan die Here. God is die Alleen-Eienaar van alles. Psalm 24:1- *Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here ...*
2. Satan het deur die sonde van die mens met die sondeval God van sy eiendomsreg ontroof, en Satan het wederregtelik *“god van hierdie wêreld geword”*. (2 Kor. 4:4; Joh. 8:44; Matt. 4:9). In Jesus Christus het God sy absolute Eienaarskap herstel. Die offer van sy eie Seun

aan die kruis was die daad waarmee Jesus Christus die Kerk vrygekoop het uit alle slawebande. 1 Korintiërs 6: 20 – *julle is duur gekoop*. Ons het in Jesus Christus as Kerk van die Here weer ten volle die eiendom van die Here geword (1 Kor. 3:23; Rom. 14:8). God het daarvoor gesorg. So kan ons nooit aan die Here dink as die Een wat ons offers ontvang nie. Ons kan God nie aan die ontvangkant sien nie, maar ons moet beseef dat die begin van ons offers (bydraes) by God is. Hy het eerste gegee! Waar kry u, u werksvermoë, u talente, u werkseleenthede, u plaas (plase) en die sukses met u werk?! Alles wat ons is en het is gawes van die Here.

3. Ons dankoffers is deel van ons dankbaarheid en wederliefde. Die Here eis van ons wederliefde en dankbaarheid (Deut. 6:5; Matt. 22:36-40). Die Here het Homself in sy Seun aan my geoffer, my dankoffer is die antwoord van wederliefde op sy offer aan my. Dankbare toewyding van myself met alles wat ek is en het vir wat ek ontvang het, is die grondgedagte.

Die Here het wederliefde reeds in die Ou Testament van sy volk geëis wat dan ook in 'n duidelik omlýnde liturgie vasgelê is, onder andere in die gee van tiendes en die eerstelinge van al die inkomste, in die bring van allerlei offers (Lev. 27:30-33; Num. 18:19; Deut. 12:6; Mal. 3:10 ens.)

Vir die Nuwe Testamentiese gelowige moet dit juis in 'n meerdere en verskerpte mate geld. Ons kan die Here nou met hierdie gawes uit dankbaarheid dien. So bedoel Paulus seker ook as hy in 1 Korintiërs 6:20 skrywe- *want julle is duur gekoop*. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

Die ryk jongman sou die allesomvattende eis van Jesus Self hoor ... *gaan verkoop alles wat jy het* ... (Mar. 10 :20). Die gawe van die arm weduwee word deur die Here geprys as Hy ook van haar sê- ... *alles wat sy gehad het*. Ook die vrou wat die hele fles vol kosbare nardussalf op die Here se hoof uitgooi, het haar geheel en al in dankbaarheid aan die Here toegewy (Mark. 14:3-9). Psalm 116:12-14 vat dit vir ons saam- **12** *Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my?* **13** *Met 'n drankoffer sal ek van sy redding getuig en die Naam van die Here aanroep.* **14** *My geloftes aan die Here sal ek betaal in die teenwoordigheid van sy hele volk.* Veral dan ook vers 17: **17** *Ek wil U loof met 'n dankoffer, ek wil die Naam van die Here aanroep.*

4. Die Here onderhou sy kerk met die stoflike offers wat sy kinders bring. Die offers wat mense bring gebruik die Here om sy Kerk in stand te hou. Elke gelowige het daarom die

onvervreembare taak en roeping om deur sy offers 'n gawe aan die Here op te dra. As die Here dit op ons van toepassing maak dan sê Hy in 1 Korintiërs 9:13,14- **13** *Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie?* **14** *So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe* (OAV)

VEREISTES

Hiermee kan ons, onself nie verskoon nie. In ons hande lê die bewys van dankbaarheid of ondankbaarheid, wederliefde of haat teenoor God. Die wyse en die hoeveelheid waarop die Here aan ons gee, word dan nie erken nie. God wat die EINTLIKE GEWER van gawes is, ontvang dan NIKS nie, asof die mens iets wat aan die Here BEHOORT, van Hom kan ONTNEEM.

In 2 Korintiërs 8 & 9 sien ons die Korintiërs was bereid om te gee, maar hulle het mettertyd in die daad daarvan verslap, en dit om 'n eenvoudige rede: Hulle het nie meer die nodigheid daarvan ingesien om aan die Here 'n dankoffer te gee nie.

Hulle was nie ONWILLIG nie, maar ONINGELIG! Korinte was 'n welvarende gemeenskap. Die Kerk in Korinte was waarskynlik die rykste gemeente onder die Christene van daardie tyd. Van die gemeentedele het gekom uit die gelede van ryk handelaars en industrialiste. Daar was betreklik min hulpbehoewendes in die gemeente van Korinte, en tog is dit juis aan hulle, anders as aan die ander gemeentes, waar Paulus lank en breedvoerig oor bydraes en kollektes skrywe. Die gemeente kon so maklik finansiële steun gee. In hierdie opsig het Paulus hulle as voorbeeld by die ander gemeentes voorgehou.

Tog, moes Paulus juis vir hulle inlig ... hulle wou baie gee, maar hulle het dit nie gegee nie. Vgl. 2 Korintiërs 8:11- **11** *Maak die werk nou ook klaar. Die ywer om uit julle beskikbare middele die insameling af te handel, moet net so groot wees as die gewilligheid waarmee julle dit begin het.*

(Saam met Korinte het ons nie dalk vergeet dat ...?)

1. GOD GEE SODAT ONS ALTYD VOLOP KAN Hê (VERGELYK 2 KORINTIËRS 9:8)

- Die Here weet wat vir ons genoeg is.
- Die Here weet dat ons soms behoefte daaraan het dat dit met ons geldsake moet sleg gaan.

- Die Here sorg dat daar altyd genoeg is vir ons eie behoeftes, en dat daar nog meer is, soos die vers sê, soveel dat ons nog oor het om mee goed te doen.
- Die Here gee aan ons volop in alle opsigte, ook geestelike gawes.
- Die Here gee aan ons genoeg sodat ons kan uitdeel.
- Ons ontvang altyd van die Here.
- Net so volop as wat ons ontvang het, net so volop sal ons kan uitdeel...

Hieruit lei ons af-

1. GEE EERS JOUSELF AAN GOD EN DAN SAL JY NIE 'N GEWER **VIR** GOD WEES NIE, MAAR 'N GEWER **VAN** GOD.
 - Jou gawes word dan God se gawes.
 - Deur jou gee God dan ook aan ander genadegawes volgens sy wil.
 - As sy dienskneg word jy dan 'n instrument in God se hand.

SLOTSOM

1. HOEVEEL MOET EK DAN GEE?

- 'N TIENDE? -

In die Ou Testament is die bydrae op 'n tiende van die inkomste van die volksburgers vasgestel (Lev. 27 :30); Mal. 3 :10 ; Luk. 18:12). Selfs voor die tabernakeldiens ingestel is, is tiendes reeds gegee. Abraham het aan Melgisedek die tiende van alles gegee. Vgl. ook Jakob se belofte (Gen. 28:22). Mal. 8:10- *Bring die hele tiende na my skathuis*. Die Here bind aan die getrouheid ten opsigte van die tiendes 'n ryke seën - *Beproof my tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seen sal uitstort nie* (Mal. 3:10).

Vandag nog sit daar vir ons 'n grondgedagte in die tiendes. *“Die tiendes is die dankbare toewyding van al die besittings aan die eintlike Eienaar deur die een wat gee. Die deel wat as tiende gegee word, verteenwoordig die hele opbrengs.”*

Die gee van tiendes is in die Nuwe Testament nie meer so 'n direkte voorskrif nie. Die beginsel bly egter staan-

DIE DANKBARE TOEWYDING VAN AL MY BESITTINGS AAN DIE HERE.

- Die Here stel bo alle twyfel dat ons nie onoordeelkundig alles wat ons het voor die voet weggee nie.

- Die Here stel vir ons die gelykheidsbeginsel. 2 Kor. 8:13-14: *Ek bedoel nie dat daar vir ander verligting moet wees en vir julle verdrukking nie, maar dat volgens gelykheid julle oorvloed in hierdie tyd hulle gebrek kan aanvul, sodat ook hulle oorvloed julle gebrek kan aanvul en daar gelykheid kan wees.* (NAV- **13** *Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, **14** moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig.*) Gelykheidsbeginsel beteken nie dat almal ewe veel moet hê nie. Vergelyk Eksodus 16- *Hy wat baie gehad het, het nie te veel gehad nie, en hy wat weinig gehad het, het nie te min gehad nie.*
- Hy wat gee behoort te gee na die mate waarin hy kan gee – nie meer nie, nie minder nie. Elkeen wat ontvang moet ontvang na die mate waarin hy nodig het- nie minder nie, nie meer nie.

BY DANKOFFERS HOEF ONS NIE TE VRA HOEVEEL ONS MOET GEE NIE. GOD MAAK NIE BEREKENINGE NIE MAAR VRA VRUGTE VAN DANKBAARHEID.

DIE EERSTELINGE

1. Ons dankoffer moet die eersteling wees van al ons inkomste. Spreuke 3:9,10- *Vereer die Here met jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos.* (**9** *Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, **10** dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn.*

Vergelyk ook Abel se offer. In die offer van die eersteling skuil die erkenning dat die Here die Eienaar van alles is.

Die eis wat hier gestel word is dat voor ons aan ons inkomste raak- om daar self van te geniet- die Here die eersteling daarvan moet ontvang. In die gee van hierdie eersteling verklaar ek dan dat ek my beste, dit is my hart aan die Here gee. Hierin word die dankbaarheid van God se kind sigbaar en tasbaar.

In die tyd van die profeet Haggai het die volk die orde omgekeer Haggai 1:4-9- *Elkeen van hulle het vir sy eie huis gehardloop terwyl die huis van die Here in puin lê.* (**4** *Is dit nou die tyd vir julle om in pragtige huise te woon terwyl my huis in puin lê?* **5** *Daarom, so sê die Here die Almagtige: Neem ter harte wat met julle gebeur.* **6** *Julle het baie gesaai, maar min geoes; julle het geëet, maar nie genoeg gekry nie; julle het gedrink, maar dors gebly; julle het klere*

aangetrek, maar nie warm geword nie; julle is soos 'n dagloner wat sy loon in 'n stukkende beursie steek. 7 So sê die Here die Almagtige: Neem ter harte wat met julle gebeur. 8 Gaan haal hout in die berg en herbou my huis sodat Ek my eer kan ontvang en tevrede kan wees, sê die Here. 9 Julle het 'n groot oes verwag, maar min gekry, en wat julle nog huis toe gebring het, het Ek laat verdwyn. Waarom? vra die Here die Almagtige. Omdat my huis in puin lê, terwyl elkeen van julle hard besig is om aan sy eie huis te werk.

MOET GOD TEVREDE WEES MET ONS OORSKIET?

2. MET WATTER GESINDHEID?

-OM DIE HERE TE EER-

Om die Here te eer moet ons diepste motief wees. Spreuke 3:9- *Vereer die Here uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste. (9 Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes,*

GOD MOET VERHEERLIK WORD.

-GEE BLYMOEDIG UIT DANKBAARHEID MET VRYMOEDIGHEID-

As ons dink aan al die weldade wat God ons in Christus gegee het en nog gee, dan kan daar net blydskap wees. 2 Korintiërs 8:7- *Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief.* God dwing ons ook nie om te gee nie, en ander mense kan ons ook nie dwing om te gee nie. Ons kan nie anders gee as om met blydskap en vrywillig te gee nie. Blydskap, want ons behoort nou aan die Here Vrywillig, omdat ons nou nie meer (vrywillige) diensknegte van die sonde is nie, maar diensknegte van God. En uit dankbaarheid stel ons onself met alles wat ons het in diens van God.

AS DIE GAWE GEDWONGE IS, IS DIT GEEN GAWE NIE, MAAR BELASTING.

Het u in die verlede gevra –

Moet ek gee?

Kom ons vra nou-

Durf ek terughou van dit wat God vir my gegee het?

Het u in die verlede gevra-

Hoeveel moet ek gee?

Kom ons vra nou-

Hoeveel kan ek gee?

Het u in die verlede gevra-

Hoe moet ons gee?

God antwoord nou-

Met blymoedigheid, liefde en dankbaarheid.

Waarom moet ek gee?

Omdat alles wat jy het van God afkom.

Omdat God deur jou ook aan ander gee.

Omdat God jou deur jou gawes wil verseker dat jy waarlik kind van God is.

(Opgestel deur dr. Petrus Venter en weer verwerk in die droë lente van November 2019 waar ons nie mag ophou om vir die Here om sy reën te vra nie ... in watter dankbaarheid sal ons daarop kan antwoord. Hoop hierdie poging word deel van wat ons antwoord sal wees.)